DINK JEUG Families

# Huisgeloof

**Die hemel**

## 1 Omgee

‘n Seuntjie het vir die eerste keer gevlieg en uit die vliegtuig gekyk na die wolke. Hy vra toe: “Mamma, waar is Jesus dan? Is die hemel dan nie hier bo in die wolke nie?”

**Vertel vir mekaar hoe jy die seuntjie in die vliegtuig sou antwoord.**

Ons weet nie presies hoe lyk die lewe na die dood nie, maar ons weet dit is anders en beter! Daarom kan ons, soos Job, uitsien daarna om self die Here te ontmoet.

## 2 Lees

**Job 19:23-28**
**Lukas 20:27-39**

Laai die **DinkJeug Familie App** gratis af vir daaglikse huisgeloof oordenkings.

Google Play:

Apple iStore:

## 3 Gesels

- Ons glo in die hemel en die lewe na die dood. Wat beteken dit vir jou?
- Job vertel hoe hy glo, ten spyte van sy omstandighede. Vertel van ‘n keer toe dit met jou sleg gegaan het. Wie of wat het jou gehelp om te glo?
- In die Lukas-teks, vra mense uit oor hoe die hemel is. Wat sou jy graag oor die lewe na die dood wou weet?

## 4 Bid

Bid vir mekaar se moeilike omstandighede.
Vra dat die Here jou sal help om te glo deur Sy Gees.
Sê dankie vir die ewige lewe.

## 5 Doen

Teken die hemel en gesels oor hoe elkeen dit uitgebeeld het.

Stuur vir iemand met wie dit moeilik gaan, ‘n bemoedigende stemboodskap.

